

SONDAG: 16

VRAAG EN ANTWOORD: 40

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling
Vraag: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?			
Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God	1	Genesis 2:17 maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe.	maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."
kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie	2	Romeine 8:3-4 Want God het wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.	Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel. Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.
		Filippense 2:6-8 Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van `n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as `n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.	Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van `n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.
		Hebreërs 2:9 maar ons sien Hom, naamlik Jesus, wat vir 'n kort tydjie minder as die engele gemaak is, vanweë die lyde van die dood met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God vir elkeen die dood sou smaak.	Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is `n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.
		Hebreërs 2:14-15 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel - en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was.	Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.